

**Vrydag 26 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:21-40**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:35**

**God openbaar sy wil aangaande sy Seun se koms**

As mens onder baie mense is Jesus in ons plek gebore. Daarom, soos al die ander Joodse kindertjies, is Hy ook aan die Wet onderworpe, reeds van sy geboorte af (Gal. 4:4). Ja, ten spyte daarvan dat Hy sonder sonde was, neem Hy voor God die plek in van alle sondaars wat opreg in Hom glo, sodat ons vrygespreek kan word (2 Kor. 5:21).

Veertig dae ná sy geboorte het Josef en Maria vir Jesus gebring om die voorskrifte van die Wet van Moses by die tempel in Jerusalem na te kom. Een daarvan is die “lossing”. Dit is meer ’n simboliese handeling waar die moeder haar kindjie aan die priester oorhandig om hom so aan die Here te gee. Die priester seën die babatjie, waarna dié aan sy ouers teruggegee word.

So ontvang die gryse priester Simeon die laaste eer in sy lewe om die jong Jesus te seën. ’n Heerlike vervulling van God se beloftes wat die Heilige Gees hom verseker het dat hy dit sal meemaak voordat hy sy kop vir die laaste keer neerlê.

Met dié geleentheid laat sny Simeon die tweesnyding van die Godsopenbaring rakende die menswording van Christus diep. Hierdie Kindjie gaan skeiding bring – tot val en opstaan van baie. Dit wys na die hartsgesindheid van baie wat openbaar sal word – die val van die ou sondige mens en die opstanding van die nuwe verlose mens.

Maar vir Maria, toe nog jonk en blosend, wag daar die smartlikste pyn as gevolg van haar eersgebore Seun se lyde waartoe sy Vader Hom bestem het. Die uitdrukking spreek van ’n groot, breë slagswaard wat haar in haar siel, geestelik en nie liggaamlik nie, diep gaan verwond. Geseëndes vir God se werke uitgesonder, maar wat ongekende smarte sal dra sodat God se verlossende genade ’n werklikheid kan word.

*Sing: Skrifberyming 4-7:2*

*Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)*